

PREEKSKETS: JEREMIA 6:1-16

Dit het tyd vir ons Christene in SA geword om te gaan stilstaan. Met die doel om ons voor God te verootmoedig. Die knellende droogte, die droewige toestand van ons land en staat en die weg beweeg van die samelewing van die Woord, dwing ons vanmôre tot stilstand.

As God se kinders se opgehoopte sondes hulle in die aller grootste ellende en gevaar dompel, beveel Hy hulle bymonde van die profeet Jeremia: *“Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind.”*

Die gedagte van *“ou paaie”* kan meer letterlik vanuit die oorspronklike taal vertaal word met “altyd durende paaie – OF: ewige paaie”. Dit verwys na paaie wat vanaf die paradys gegeld het en tot met Christus se wederkoms sal geld. Dit verwys na ’n hartsverhouding met die lewende God. ’n Wandel saam met God en ’n wandel voor God. So ’n verhouding geskoei op God se Woord, moet ons uitbring by die Een oor wie die hele Bybel gaan (Johannes 1:1), by die Een wat self gesê het: *“Ek is die Weg”* (Joh. 14:8).

NET CHRISTUS DEUR SY GEES BRING MY OP DIE PAD VAN EWIGE RUS!

Let op die vier werkwoorde wat vir ons leer hoe om saam met Christus te wandel:

“Staan by die kruispaaie” = Staan vir ’n oomblik stil en wees eerlik met jouself en vra jouself af: Watter plek neem Christus in jou lewe in?

“kyk” = Stel vas waarop al die paaie in jou lewe uitloop. Groei jy in jou inniger saamwees met Christus, of is jy besig om stadig maar seker weg te dryf?

“vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is” = Kom na Christus toe. Laat die lig van sy kruisiging en opstanding, al jou besluite verlig. Ons moet biddend in geloof, deur die kragtige leiding van die Gees en met die liefde van Christus in ons harte, ’n fyn aanvoeling ontwikkel tussen wat vir vandag reg en verkeerd is.

“loop dit, ... dan sal julle rus vind.” = My staan, kyk en vra kry eers betekenis as ek onder leiding van die Gees saam met Christus begin wandel. Leef onderleiding van die Gees God se onveranderlike beginsels voluit uit. Dit gaan ons heeltemal anderste maak as die kultuur van ons tyd.

“DAN SAL JULLE RUS VIND.” Dit is ook Jesus se belofte aan elkeen wat reageer op sy roepstem om saam met Hom te loop: *“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, EN EK SAL JULLE RUS GEE.”*

Die rus wat Christus gee, is 'n ewige vrede wat groter as die droogste droogte is; wat wêreldse leiers en opinies na niks laat lyk nie; wat enige valspreker met valse beloftes en leuens duidelik soos 'n wolf laat lyk.

Waar bevind jy jou vanmôre?

Waar bevind Ontdekkers hul vanmôre?

Waarheen is ons oppad?

Mag die Gees aan elkeen van ons 'n leë en 'n verslae hart gee wat luister as God vir ons sê: **“STAAN”** by die kruispaaie (maak bestek opname waar jy nou is); EN **“KYK”** (waarop jy nou afstuur); EN **“VRA na die ou paaie”** (soek na Christus). **“Vra watter pad die beste is en LOOP dit”** (laat die Gees jou lei, jou denke vernuwe en volg Christus na), **“dan sal julle RUS vind.”**

“Ware aanbidding vind plaas wanneer God se hart aangeraak word, nie deur die skoonheid van my stem nie, maar deur die opregtheid van my hart” Chris Tomlin

Die grootste rede waarom so baie mense vandag nie glo nie, is omdat daar so baie Christene is wat Jesus met hulle lippe bely, maar wat by die deur uitstap en Hom misken met hulle dade. Dit is wat die ongelowige wêreld so ongelooflik vind -
Brennan Manning

My menslike rede sal nooit die wonder van God se genade kan verstaan nie; jy kan dit net soos 'n klein kindjie aanvaar - Daily